WEEK 36 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

SINODENUUS

BEDIENINGSBEGELEIDING:

Kuratorium & Seminarium - uitnodiging na die Legitimasiegeleentheid - 2018:

Donderdag 29 November 2018 om 18:00

Vir enige navrae, kontak vir Joanie Theron op 051 406 6734 (k), of stuur 'n e-pos na kuratorium@ngkvs.co.za

VISIONERING

Hulpfonds vir NG Winburg se leraarspaar: Op inisiatief van lidmate van Winburggemeente is 'n hulpfonds ter ondersteuning van hulle gestig, nadat die pastorie met al hul besittings, sowel as hul motors onlangs in 'n brand vernietig is. Vrywillige bydraes kan in een van die plaaslike prokureurs se trustfonds inbetaal word. Die besonderhede is: ***Piet Kotzé en Vennote*** - ***Trustrekening****: ENB (takkode: 230 835), Rekno: 5429 000 8861 -* ***Verw: Deysel.*** *Sy kontakbesonderhede is, 051 881 0459/051 881 0468, faks: 051 881 0585, of e-pos:* pietkotze@mtnloaded.co.za Hou ook steeds vir ds George en sy vrou Rita in julle gebede...

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV) NUUS:

Kongres ter ere van uittredende Dekaan: Hierdie geleentheid ter ere van die Dekaan, **prof Fanie Snyman**, vind op **Maandag 3 Desember 2018**, plaas - prof Fanie emeriteer aan die einde van 2018. Bywoning is gratis, maar ***persone wat belangstel om dit by te woon***, moet asseblief **teen Maandag 26 November 2018** by Marina Oberholzer, OberholzerM1@ufs.ac.za **bevestig** ***watter dele van die program hulle wil bywoon***, aangesien sy die getalle ten opsigte van die reëlings vir die verversings en ete, benodig - klik hier vir die volledige program.

GEMEENTENUUS

Kerssangdienste

NG Heuwelsig:

NG Hugenoot en Woodland Hills Gemeenskapskerk:

Die bekende en gewilde sanger, Jak de Priester tree **op Sondag 25 November 2018** by twee gemeentes in Bloemfontein op:

NG Hugenoot - Sondagoggend om 09:00, die geleentheid is gratis, lidmate/belangstellendes word genooi om na die diens buite op die gras saam te kuier, bring dus 'n kombers en piekniekmandjie saam.

NG Woodland Hills Gemeenskapskerk - Sondagaand om 18:00 vir 'n ***Light of the world***-geleentheid saam met Jac. Die geleentheid is ook gratis - persone wat nie lidmate/inwoners is nie en dit as besoekers wil bywoon, moet vooraf met Judy by die Kerkkantoor op 051 492 3064 reël vir 'n toegangskode om by die hoofhek in te kom.

ALGEMENE INLIGTING

Jaarboek 2019 Bestelvorm: **Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om die Jaarboek 2019 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik **hier** vir die bestelvorm. Die Jaarboek van die NG Kerke 2019, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. ***Die goeie nuus is dat BM vanjaar 3%-korting gee, indien gemeentes/belangstellendes vóór 1 Desember 2018 hulle bestelling plaas en ten volle betaal!***

Eerstejaarskampe: **Gemeentes word versoek** om hierdie inligting aan hulle voornemende 1ste-jaar studente te kommunikeer:



Kougom-kamp 2019 (UV) vir 1ste-jaars: Voornemende studente aan die Universiteit van die Vrystaat, kan gerus daaraan dink om hierdie kamp wat vanaf **20 - 24 Januarie 2019** deur die Studentekerk aangebied word, by te woon ***(gemeentes moet asseblief die inligting aan die jongmense oordra)***. Die tema is ***BloemfonTREIN*** - *Ons glo dat jy altyd êrens heen oppad is… God ontmoet ons op hierdie nuwe reis en daag ons uit oor waarheen ons nou eintlik oppad is.* **Klik op die biljet links** vir meer **inligting - klik hier vir die inskrywingsvorm.**



Die **Wes-Kaap se kamp**, aangebied deur die NG Kruiskerk in Stellenbosch, vind **vanaf 20 - 23 Januarie 2019** by **Bergkroon in Wellington** plaas, met die tema, **#DNA.** **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**

Die **kamp in Pretoria**, word deur die NG Universiteitsoord aangebied, vanaf **21 - 25 Januarie 2019.** **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**

Pukke in Potchefstroom se kamp word vanaf **8 - 11 Januarie 2019** deur die NG PUK Kandelaar aangebied. **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**